# Skooldrag

## Somersdrag: Eerste en vierde kwartaal

**Rok:** Pampoenrok (ougoud en wit) met OMS op die sak vasgewerk.
**Baadjie:** Verpligtend vir Maandae se saalperiode.
**Sokkies:** Wit sokkies met 'n omslag.
**Skoene:** Goedgekeurde swart leerskoene met 'n band oor die voet – geen patroontjies nie.
**Broekie:** Bypassende ougoud broekie of sjoebroekie is verpligtend. (Geen "Ski-pants")
**Hare:** Kuif – vinger bo wenkbrou Lengte – Hare wat die kraag raak, moet vasgemaak word. Indien nodig word 'n wit lint of haarrekkies in lang hare gedra met eenvoudige metaalkleurige knippies. Ougoud en wit haarbande mag gedra word. Geen swart "bando" nie.



## Wintersdrag: Tweede en derde kwartaal

**Rok:** Vlootblou skoolrok met OMS op die linkerbors vasgewerk. Gr. 1 tot 3 mag vlootblou langbroek aantrek, maar die rok is verpligtend tydens die skool se verjaarsdagseremonie in April.
**Hemp en das:** Wit langmou hemp met skooldas.
**TrTrui:** Onder 'n baadjie - nooit net 'n trui nie
**Kleurbaadjie:** Verpligtend vanaf gr.1 tot 7 op Maandae
**Broekie:** Vlootblou broekie of sjoebroekie.
**Kouse:** Lang swart broekiekouse – medium geweef (geen kort kousies nie)
**Skoene:** Soos in die somer
**Serpe:** Vlootblou wolserp – te koop by @ OMS winkel.
**Hare:** Vlootblou of wit lint, rekkies en haarbande

## Sportdrag

Die vlootblou sporthemp word vir hokkie, netbal, tennis en mini-tennis gebruik, en Oranje se vlootblou sportkouse vir hokkie. Die atlete dra 'n moulose en kraaglose hempie.

'n Vlootblou "scooter" word vir hokkie, netbal, tennis en mini-tennis gebruik.

Vlootblou-atletiekbroekie vir atletiek en LO.

'n Vlootblou Speedo-swembroek met oranje swempet en donkerblouhanddoek word vir swem en LO gebruik.

Sportdrag kan by @ OMS winkel aangekoop word.

@OMS WINKEL (agter die M. L. Spiessaal)

Telefoonnommer: 051-4474681

Tye: Maandag tot Donderdag 07:00 tot 14:45
Vrydag 07:00 tot 14:00

Die winkel verskaf onder andere die skool se sportdrag, handdoeke, swembroeke, @OMS-produkte, haarprodukte, tweedehandse skoolklere en skryfbehoeftes.

